# Wêreldsokker in Gansbaai

Verlede Saterdag was 'n "groot" dag vir Gansbaai. Altesaam 18 spanne het al 16 wêreldlande tydens die groot sokkergeleentheid verteenwoordig, kompleet met elke land se sokkertrui en landsvlag. Skoolsokkerspanne, o/13's en o/15's, het vir al die opwinding gesorg. Leàn Terblanche en haar span van die Football Foundation het maande lank voorbereidings vir die Mini-Wêreldbekerwedstryd in Gansbaai getref. "Ons voel baie tevrede met die reuse sukses wat bereik is," het Leàn gesê. Die "Suid-Afrikaanse" span, Bafana Bafana, het in hulle eerste wedstryd teen "Japan" gelykop met 2-2 geëindig. In hulle tweede wedstryd het hulle "Mexiko" met 1-0 geklop. Behalwe vir die spannende wedstryde, is die suksesvolle dag verder gekenmerk deur op en wakker musiek deur Andrè Malan, wapperende landsvlae, landsvlae wat op kinders se wange geverf is, asook die opvoering van die passievolle diski dance deur die onderskeie sokkerspanne. Dit was 'n kleurvolle geleentheid in die ware sin van die woord. Nog 'n hoogtepunt van die dag was die oorhandiging van 'n groot skerm sonkrag (solar) TV, geskenk deur SolarWorld. Mnr Gregor Küpper, Besturende Direkteur: SolarWorld Africa, het die TV aan mnr Kat Myburgh, Areabestuurder van die Overstrandse Munisipaliteit se Gansbaai Administrasie, oorhandig. SolarWorld is in 'n proses om 35 sonkrag media stasies landswyd in plattelandse dorpe te installeer. Die doel daarvan is om sodanige gemeenskappe die geleentheid te bied om op 'n groot skerm na die wêreldsokkerreeks te kan kyk. "Hierdie groot skenking is 'n groot aanwins vir ons en dit sal sonder twyfel in die toekoms ook vir effektiewe opleidingsprogramme benut word," het mnr Myburgh gesê.

***Hardus Botha***

ROLBAL RUBRIEK

**Verlede Donderdag was die weer gunstig genoeg dat die volgende rondte van die driehoekige toernooi tussen Franskraal en Hermanus op Hermanus kon plaasvind.**

Vier spanne van Franskraal, onder leiding van Hennie Lourens, Jeff Levey, Wally Nimb en Boetie Retief het deelgeneem teen onderskeidelik Dave Buckley, Mike Lee, Lionel Almendro en Neville Clinton van Hermanus. Hoewel Franskraal nie een van die wedstryde kon wen nie, het hulle goed gespeel en inagneming die onderskeie tellings is hulle nie verneder nie. Dit is nou eenmaal so dat Hermanus oor verskeie baie goeie spelers beskik en Franskraal wens hulle geluk met hulle prestasie.

Die laaste van Franskraal se klubkampioenskappe, nl. die Voorgee Enkelspel is ook verlede week afgehandel. Verskeie beginners het verras en goed van hulself rekenskap gegee. Hierdie spelers moet Franskraal se naam in die toekoms hoog hou en dit is verblydend om te sien met hoeveel entoesiasme hulle deelneem. Uiteindelik was dit twee kampioene in hul eie reg wat tot die finaal deurgedring het waarin Tommie van Niekerk naelskraap teen Bryan Chambers geseëvier het.

Die volgende toernooi op Franskraal vind op 19 Julie 2010 plaas en die belangstelling van spanne van elders loop reeds hoog. Ons berig later verder daaroor.

Rolbalgroete.

***Pieter Conradie***
***Visepresident (028)384 1822***
***of 083 270 9384***